basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1: ARTIKEL**

**TEKS A**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | • Laerskool Hendrik Louw<br>• ‘n Laerskool<br>• Hendrik Louw<br>• In die Strand/naby Kaapstad<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.2 | • Haar ouers het omtrent elke drie maande getrek.<br>• Haar ouers het baie getrek.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.3.1 | onverantwoordelik | 1 |
| 1.3.2 | • Hulle het sonder Maria getrek/Maria alleen gelos.<br>• Hulle het die huis leeg/gesluit gelos.<br>• Maria het nie geweet waar haar ouers was/wat aangaan nie.<br>• Hulle het nie omgegee wat van Maria word nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.4.1 | 16/sestien jaar (oud) | 1 |
| 1.4.2 | (In) Atlantis | 1 |
| 1.5 | • (Sy het by) mense van hulle kerk (gaan bly).<br>• Ander mense het haar by hulle in die huis laat bly/blyplek gegee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.6.1 | • Haar ouers was aan alkohol verslaaf.<br>• Haar ouers het geskei.<br>• Sy was die oudste.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*Vir hierdie eksamen geld die volgende:*<br>*Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste twee korrekte antwoorde na, ongeag of die antwoorde in eerste/tweede sin staan.*<br>*Sonder kolpunte, lees tot aan die einde van die antwoord.* | 2 |
| 1.6.2 | slegte | 1 |
| 1.6.3 | • Sy moes die skool verlaat (om te begin werk).<br>• Sy moes begin werk (al was sy nog jonk).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die antwoord op Vraag 1.6.2 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.6.3 te verdien)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.7 | • Lewis was in 'n groot ongeluk/het baie seergekry.<br>• Maria moes haar werk bedank om Lewis te versorg/te leer loop/te leer om self te eet.<br>• Maria en Lewis was albei werkloos.<br>• Toe Lewis beter geword het, het Maria gesukkel om werk te kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.8 | • Sy werk al 13 jaar by die skool.<br>• Sy beskou die personeel as haar familie.<br>• Hulle het haar baie gehelp met ou vraestelle/om matriek te skryf.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.9.1 | D/Maria se twee oudste dogters het op skool gedruip. | 1 |
| 1.9.2 | C/Chantelle en Liezl wou nie verder skoolgaan nie. | 1 |
| 1.9.3 | F/Maria, Chantelle en Liezl het saam matriek geskryf, maar nie geslaag nie. | 1 |
| 1.9.4 | A/Maria, Chantelle en Liezl het vir 'n tweede keer probeer om matriek te slaag. | 1 |
| 1.9.5 | E/Maria en haar twee oudste dogters het matriek geslaag. | 1 |
| 1.10 | • Maria het bo haar omstandighede uitgestyg/nie toegelaat dat haar omstandighede haar onderkry nie.<br>• Sy het 'n goeie voorbeeld vir haar kinders gestel om matriek te voltooi./Sy moes skool verlaat, maar het later matriek geskryf./Sy het aanhou probeer, al was sy die eerste keer nie sukesvol nie.<br>• Sy wil verder studeer.<br>• Sy wil kinders help om bo hul omstandighede uit te styg/haar eie ervaring gebruik om ander te help/motiveer./Sy wil van die wêreld 'n beter plek maak.<br>• Sy het gewys dat 'n mens nooit te oud is om te leer nie.<br>• Sy wys vir ons dat jy enigiets kan doen as jy wil.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.11 | **B) Maria wil die wêreld 'n beter plek maak.**<br>• Maria wil graag 'n onderwyseres word/wil kinders leer.<br>• Sy wil kinders motiveer om hulle drome na te jaag.<br>• Sy wil vir kinders leer dat swak omstandighede jou nie hoef terug te hou nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Punt word slegs vir motivering toegeken)* | 1 |
| 1.12.1 | • teleurgesteld<br>• moedeloos<br>• hartseer<br>• skaam<br>*(Enige sinvolle emosie)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.12.2 | • Teleurgesteld: Ek het dan probeer, maar nie geslaag nie.<br>• Moedeloos: Ek wil moed opgee/ek weet nie wat ek nog moet doen om te slaag nie.<br>• Hartseer: Ek was so seker ek sou slaag/ek kan nie glo ek het nie geslaag nie.<br>• Skaam: Dit voel vir my of ander mense vir my lag/ek het ander mense in die steek gelaat.<br>*(Die motivering moet by die emosie in VRAAG 1.12.1 pas)* | 1 |
| 1.13 | Die foto's wys ...<br>• hoe lyk Maria (en haar dogters) oor wie die teks gaan.<br>• hoe Maria studeer het.<br>• waaroor die teks gaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TEKS B: VISUELE TEKS**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.14.1 | duurder | 1 |
| 1.14.2 | • Die pyltjie(s)/⇧ wys na bo.<br>• Die pyltjie(s)/⇧ wys op(waarts).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Kandidate moenie na getalle verwys nie)* | 1 |
| 1.15 | verskillende | 1 |
| 1.16 | elektrisiteit | 1 |
| 1.17 | Petrol/petrol | 1 |
| 1.18 | B/hoe sekere items se pryse in een jaar verander het. | 1 |

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:4**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:** (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:** (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel.)
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 4-5 direkte aanhalings: ken maksimum 1 punt vir taal toe
  - 2-3 direkte aanhalings: ken maksimum 2 punte vir taal toe

<u>Nota</u>:
- Sodra 'n kandidaat enige aanhaling gee, word die opsomming volgens 'woordeliks aangehaal' bepunt.
- Net 1 direkte aanhaling is nie hierbo ingesluit nie. Indien 'n kandidaat dus feite in eie woorde gee, maar 1 direkte aanhaling het, voeg ons dit vir hierdie eksamen (Junie 2022) saam met 2-3 direkte aanhalings en ken die 2 punte vir taal toe.
- Indien 'n kandidaat in die hele opsomming net 1 direkte aanhaling gee en niks anders reg het nie, word net 1 punt vir die aanhaling gegee en geen punte vir taal nie.

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees nog VYF woorde verder en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

## VRAAG 2: HOE OM ELEKTRISITEIT TE BESPAAR

[Eie teks]

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE |
|---|---|---|
| 1. | Elektriese toestelle gebruik elektrisiteit al is dit nie by die muur afgeskakel nie. 'n Mens kan dit gewoonlik sien as daar nog 'n liggie brand. **Skakel toestelle by die muur af as jy dit nie gebruik nie.** | Skakel elektriese toestelle teen die muur af as jy dit nie gebruik nie.<br>*(Kandidaat moet "afskakel" en "nie gebruik nie" in die antwoord hê)* |
| 2. | Jy gebruik gewoonlik net soggens of saans warm water. **Daarom moet jy die geiser gedurende die dag afskakel**. Só spaar jy krag. | Jy moet die geiser gedurende die dag afskakel. |
| 3. | Hoe laer jy jou yskas se termostaat stel, hoe kouer word dit. **Stel jou yskas se termostaat dus effens hoër**, want dit sal steeds alles koel hou, maar minder elektrisiteit gebruik. | Stel jou yskas se termostaat effens hoër. |
| 4. | Party mense laat ligte onnodig brand as hulle nie in ‘n vertrek is nie. **Skakel die lig af wanneer jy uit ‘n vertrek loop.** | Skakel alle ligte af wanneer jy uit 'n vertrek loop. |
| 5. | Gebruik jy 'n wasmasjien? **Wag dan totdat daar baie vuil wasgoed is voordat jy die wasmasjien gebruik.** | Was groot bondels/baie wasgoed op 'n keer. |
| 6. | **Kook net genoeg water in die ketel vir die hoeveelheid koppies tee wat jy wil maak**. Dit is onnodig om te veel water te kook. | Kook net genoeg water as wat jy nodig het/Kook soveel water as wat jy nodig het/Kook net genoeg water vir die koppies tee wat jy wil maak. |
| 7. | Dit mors elektrisiteit as jy 'n klein potjie op 'n groot stoofplaat gebruik. **Gebruik die regte grootte stoofplaat vir die pot wat jy gebruik.** | Jy moet die regte grootte pot op die regte grootte stoofplaat gebruik. |
| | **GETAL WOORDE = 180 woorde<br>( ± 200 woorde – Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 65 woorde<br>(50 – 60/65 maksimum)** |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

1. Spelling:

   - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
   - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meervoudigekeuse-vraag.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • Die opskrif is ...<br>o groot gedruk/groter as die res.<br>o in vetdruk/vet<br>o in wit geskryf.<br>o in 'n ander font/lettertipe/hoofletters geskryf.<br>• Daar is 'n uitroepteken aan die einde van die opskrif.<br>• Daar is druppels melk by die opskrif.<br>• Die "Mooo".<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.2 | B/vooroordeel. | 1 |
| 3.3 | Liefde | 1 |
| 3.4 | net mammas melk koop | 1 |
| 3.5 | Alle mammas wil graag slim kinders hê.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.6 | (Die melk) word deur *Clover* gesuiwer. | 1 |
| 3.7 | Minder/minder | 1 |
| 3.8 | silwerskoon *(sp)* | 1 |
| 3.9 | geen | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.10 | Ja.<br><br>• Dit dui op hoe vars/eg die melk is.<br>• Dit lyk asof die melk direk uit die koei se uier kom.<br>• Koeie gee melk/melk kom van koeie af.<br>• Daar is melk in die bottel.<br><br>OF<br><br>Nee.<br><br>• Koeisterte is vuil (en hoort nie naby 'n bottel melk nie).<br>• Dit pas nie by die boodskap dat die melk skoon en kiemvry is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | C/Sal jy asseblief die tafel dek? | 1 |
| 4.2.1 | nie regtig na sy ma luister nie | 1 |
| 4.2.2 | • Hy staan nie op nie/bly net lê.<br>• Hy kyk nie op nie.<br>• Hy is/bly besig met sy selfoon.<br>• Hy dink dat hy dit nie wil doen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.3 | Ek het 'n nuwe resep probeer. | 1 |
| 4.4 | • Jeremy praat soos 'n tipiese tiener.<br>• Jeremy praat, net soos baie ander tieners, nie suiwer Afrikaans nie.<br>• Slordige taal pas by Jeremy se houding in dié strokie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.5 | tafeldoek | 1 |
| 4.6.1 | sarkasties | 1 |
| 4.6.2 | jammer | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.7 | • Dit lyk asof sy kwaai na hom kyk./Ma skree vir Jeremy/was kwaad.<br>• Sy wys met die soplepel na hom.<br>• Sy sê vir hom dat hy nie nou sy storie moet verander nie.<br>• Haar liggaamshouding wys dat sy vies is./Haar mond is groot oop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.8 | • Hulle is lui/help nie graag in die huis nie/kan nie in die huis werk nie.<br>• Hulle is heeltyd op hulle selfone.<br>• Hulle kritiseer hulle ouers.<br>• Hulle waardeer nie wat hulle het nie.<br>• Hulle dink hulle kan sê wat hulle wil.<br>• Hulle luister nie as hulle ouers met hulle praat nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VRAAG 5.1: LEESTEKS**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | • Kan jy dink hoe dit sal wees as jy nie meer kan hoor nie**?**<br>• Kan jy dink hoe dit sal wees as jy nie meer kan hoor nie**!**<br>*(Enige EEN)*<br>*(Aanvaar ook slegs die vraagteken/uitroepteken)* | 1 |
| 5.1.2 | na | 1 |
| 5.1.3 | help | 1 |
| 5.1.4 | foutjie | 1 |
| 5.1.5 | Vinnige/vinnige | 1 |
| 5.1.6 | hulleself | 1 |
| 5.1.7 | • Ek **was** my hande/klere. *(skoonmaak met water)*<br>• Ek **was** siek. *(verledetydsvorm)*<br>• Daar drup **was** teen die kers af. *(vetterige stof)*<br>• Die oumense het bye se **was** gebruik om seep te maak.*(vetterige stof)*<br>*(Enige sin waar die betekenis van **was** duidelik is)* | 1 |
| 5.1.8 | • Jy mag nie iets in jou ore druk nie.<br>• Jy mag niks in jou ore druk nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.9 | Dit **sal/gaan** jou ore **beskadig**. | 1 |
| 5.1.10 | da – de – lik | 1 |
| 5.1.11 | Dis nadelig **om** na harde musiek **te** luister. | 1 |
| 5.1.12 | Jy moet die volume laag hou. | 1 |
| 5.1.13 | hoër *(sp)* | 1 |
| 5.1.14 | • min.<br>• m.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

**VRAAG 5.2: PRENT**

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
|---|---|---|
| 5.2.1 | Verlede | 1 |
| 5.2.2 | • lekker<br>• heerlik(e)<br>• smaaklik(e)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.2.3 | (Almal wag) vandag opgewonde om die tafel. | 1 |
| 5.2.4 | glase | 1 |
| 5.2.5 | mes | 1 |
| 5.2.6 | vrugte | 1 |
| | | **[20]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | **GROOTTOTAAL :** | **80** |

*Kopiereg voorbehou*